

Die Dordtse Leerreëls as 'n vreemde taal

Ek is gevra om by die Lenteweek te gesels oor "The true meaning of Dort". Ek het egter baie vinnig besef dat ek nie daardie verantwoordelikheid vir 'n "ware betekenis" wil dra nie en het die tema verander na: "Dort as a foreign language: Seeking a translation"

Ek het nog altyd teologie gesien as onder andere 'n eksistensiële gebeurte. Dit is ek as mens wat met God, die Bybel, myself en ander op reis gaan. As ek dus eerlik is op hierdie reis, moet ek begin met my eie ongemak oor die Dordtse Leerreëls. Die lees van die teks maak baie emosies in my wakker. Die Rooms Katolieke teoloog James Alison praat van 'n "queasy feeling" as 'n teks jou konfronteer met 'n Godsbeeld wat vir jou ongemaklik maak. As gevolg hiervan kan jy of nooit die teks lees nie en dit wegbêre in die figuurlike kas, of jy kan daarmee in gesprek gaan om jou eie ongemak te verstaan. As ons eerlik is lees ons die Bybel ook maar selektief - ons kanon in die kanon en die ongemaklike tekste gaan kas toe.

Sonder om te veralgemeen, het ek tog 'n gevoel dat baie predikante sukkel met die inhoud van Dordt veral die harde sogenaamde dubbele predestinasie leer waarmee dit begin. Tog is Dordt deel van ons belydenisskrifte en identiteit, ek kan nie daarvan ontsnap nie, so dan moet ek daarmee "deal". Nie net met die inhoud nie, maar ook my eie ongemak.

Hoe meer ek daarvoor gewonder het hoe meer ek besef dit gaan oor taal. Die hele idee van "vertaling" en 'n "vreemde" taal het vir my 'n invalshoek gegee. Dordt is vir my 'n vreemde taal wat ek nie verstaan nie, al is dit toeganklik in Afrikaans. Hoekom is dit vreemd? En, mag ek hardop sê dit is vir my vreemd?

Hier wil ek net nog 'n fenomeen noem wat ek baie mee te doen kry. Ek doseer kerkgeskiedenis al vir baie jare en ek kom uit die Bybelwetenskappe oorspronklik, so ek is diep bewus van historiese konteks. Daarom "verstaan" ek Dordt binne die politieke en teologiese klimaat van Nederland in die sewentiende eeu. Ek verstaan die kragte wat gelei het tot die formulering van so 'n dokument. Ek verstaan dit is nie 'n volledige Gereformeerde verstaan nie, maar 'n polemies wetlike antwoord teenoor uitsprake wat as Ongereformeerde verstaan is. Die feit dat dit antwoord op gegewe teologiese stellings beteken ook dat die reikwydte klaar bepaal is. Dit bly egter sleg as ek met iemand in gesprek tree oor Dordt dat ek vermaan word om nie te krap nie, want ek verstaan nie "wat Dordt rerig bedoel nie". Asof daar vir my gesê word: "It doesn't mean what it says..." Dus met die inagneming van konteks wil ek nog steeds probeer verstaan wat my pla.

Die eerste saak is die sterk logiese en rasonele taalgebruik wat probeer om God se besigwees met die mens logies uiteentesit. Die neurowetenskaplike Iain McGilchrist het my nogal gehelp om die tipe taal te verstaan en waar dit vandaan kom. In sy boek "The Master and his Emissary. The Divided Brain and the Making of the Western World", skryf hy dat daar twee maniere is "to attend to the world" wat gekoppel is aan ons brein se linker en regterhemisfeer. Volgens McGilchrist ervaar ons regterhemisfeer die komplekse wêreld en ons linkerhemisfeer definieer (represent) dit deur 'n struktuur te skep om dit te verstaan. Die linkerhemisfeer het 'n uitgebreide taalwêreld en sintaks om die wêreld as te ware te karteer: "The vocabulary and syntax aims to map the world but in mapping the world to control the world and represent it into a form or system". Die linkerhemisfeer wil dus beheer, verstaan en werk met wat eksplisiet is. Die regterhemisfeer daarteenoor gee aandag aan die "Ander", dit wat bestaan buiteom onself. Die regterhemisfeer is tuis in metafoor, verhaal, lyftaal, paradoks, ironie,

humor en dubbelsinnigheid. Dit het 'n gevoel vir die onbekende en dit wat grensloos en onseker is.

Dit is dan ook so dat metafoor die skakel is tussen taal en die lewe. Ons Godstaal, wetenskaplike taal en filosofiese taal is almal metafories, maar slegs die regterhemisfeer verstaan metafoor. Wat gebeur het is dat ons deur ons fokus op die rasonale en die verklaarbare vergeet het van die vloeiendheid van metafoor en sodoende ons metafore gegiet het in klip as iets wat "is".

Agter Dordt is daar die verlossingsleer wat kom van die tyd van die Skolastiek naamlik die juridiese verlossingsmodel soos ons dit ook vind in die Heidelbergse Kategismus. Die verlossingsmodel werk met die oneer van sonde en noodwendige straf van God wat dan vra dat iemand as middelaar gestraf word vir dit wat die mens voor verantwoordelik is. Dit is nie die enigste verlossingsmodel in die kerk deur die eeue nie, maar dit het die *default* geword ook in die Gereformeerde belydenisskrifte. Die gevaar van sulke verlossingsmodelle is dat met tyd vergeet word dat dit eintlik metafoor is. 'n Verlossingsmodel kan 'n versteende metafoor word. Dordt werk dan met so metafoor wat gegiet geraak het. Ons het die plaasvervangende juridiese model wat deel is van die metafoor van God as regter. Ons het die metafoor van God as koning wat sit agter die chronologiese uitbeelding van verkiesing as 'n soewereine ewige dekreet. Die taal van Dordt roep 'n raadsaal op met God as koning en regter. Beide is Bybelse metafore, maar metafore is nie bedoel om feite te wees nie. Die ironie is dat beide Gereformeerdes en Remonstrante met dieselfde model gewerk het, maar net die rol van die mens en God binne hierdie ewige soewereine besluit verskillend verstaan het.

Ook werk Dort, onder andere in artikel 11 met statiese skolastieke taal oor God soos: onveranderlik, alwetende en almagtig wat ons eintlik nerens bring en glad nie dinamiese verhouding tussen God en skepping tot reg laat kom nie. Dordt verskans 'n struktuur van verlossing wat metafoor nie tot sy reg laat kom nie.

McGilchrist sal dan ook opmerk dat Hervorming en die Verligting sterk linkerhemisfeer karaktereenskappe toon. Hy sien die Hervorming as die eerste uitdrukking van die soeke na sekerheid in die moderne tyd. Beide die Reformasie en die Verligting (histories is Dordt in die middel) het weggedoen met die visuele veral in sy metaforiese funksie (regterhemisfeer aktiwiteit): "In favour of the word, the stronghold of the left hemisphere, in pursuit of unambiguous certainty." Daar is 'n wegbeweeg weg van verbeelding en metafoor na groeiende sekerheid en logika.

Tog bepaal jou gekose (pardon the pun) metafoor jou argument. Wat gebeur as ek God as soewereine koning en regter vervang met ander Bybelse metafore soos byvoorbeeld God as moederhen, pottebakker, herder, groen sipres (Hosea 14), rots of kunstenaar (Psalm 139)? Het ons alternatiewe verlossingsmodelle vir alternatiewe metafore? Kan ons met ander metafore anders praat oor die (uit)(ver)kiesing? In die Ou Testament roep God nooit ter wille van 'n persoon self nie. Dit is Abraham ter wille van die nasies, die kerk ter wille van die wêreld. En hy plaas sy hand op die wat ons nie sou gekies het nie.

Ek het dus 'n vermoede dat ek sukkel met die rigiede metafore wat nie oop is vir paradoks en die moontlikheid dat ons nie kan verduidelik nie. Miskien werk my brein net anders?

Saam met die taal en metaforiese ongemak wat ek onderskei het in my lees van Dordt, is die ander ongemak die implikasie wat ek besef wat ingebed is in die keuse van die plek van

waaruit ek praat. Ons doen almal teologie deur 'n groter narratiewe struktuur op die 66 boeke van die Bybel te plaas. Ons besef dit onderdruk die rykheid van stemme maar in sistematiese teologie is dit maar wat jy doen. Waar jy egter begin bepaal die res van jou argument/teorie. Dordt begin by sonde. Die eerste woorde is: "Alle mense het in Adam gesondig en hulle skuldig gemaak aan die vloek en die ewige dood." Wat gebeur as ons narratief begin by die skepping wat oppad is na die herskepping of by die liefde?

Die ander erfenis van Dordt vind ons in die Amerikaanse wêreld en dit was die omsit van Dordt in 'n akroniem om studente te leer. Met my betrokkenheid in afstandse teologiese onderrig vir baie jare met studente van 'n verskeidenheid van denominasies, het ek agterkom dit word vir baie die enigste verstaan van "Calvinisme", naamlik hierdie akroniem TULIP (Total depravity, unconditional election, limited atonement, irresistible grace en perserverance of the saints). Die oomblik as my teologiese taal in akronieme kan omsit, wil ek nie meer 'n teoloog wees nie. Dan verloor ons die misterie van 'n God wat in sy goedheid met sy skepping oppad is na iets goeds, maar wat ons taal nie werklik kan verwoord nie. Selfs Thomas Aquinas die vader van die skolastiek het geskryf dat ons nie woorde kan gebruik om na God te verwys nie. Diarmaid MacCulough skryf so oor Aquinas se denke: "that all language about God had to employ the sideways glance, the analogy, the metaphor."

Dit is my dilemma. Dordt wil vir ons herinner het aan die genade van 'n God wat kies en nie laat los, aan sy hesed (verbondstrou) waarin ons kan rus, maar ook die realiteit van die mag van die sonde. Ek hou aan beide vas: my ellende en God se hardkoppige getroue verbondsliefde, maar dit word vertel in 'n taal en metafoor wat vir my onuitspreekbaar geword het. As ons as predikante ons Gereformeerde identiteit wil leef, preek en aan kinders oordra sit ons soms in 'n verknorsing. Ons sukkel met die oorgelewerde taal, maar het ook nie rerig toegang tot nuwe taal nie. Hoe kan ons genade praat met ander metafore? Een manier is om hulle weer te gaan soek, hulle is die Skrif vol: Hierdie pottebakker, rots, moederhen, landbouer, vrou in kraam, herder, sipres, roubeklaer, vroedvrou, ma ens. In ons reis met die beelde mag hulle altyd ons verbeelding aanwakker (tong in die kies: my volle brein gebruik) en dit nie gegote word dat ons dink nou kan ons God se doen verklaar nie. En ook het ons tog nog deernis vir hierdie dokumente wat deel is van ons tradisie, want al verstaan ons nie meer die taal nie was dit tog ook die produk van 'n worsteling om te kan verwoord dat ek kan rus in God se kies van my.

Lisel Joubert

(NG Gemeente Gansbaai, navorsingsgenoot Department Sistematiese teologie en Ekklesiologie US)

Bronne:

James Alison het boeke geskryf soos: "Jesus the Forgiving Victim: Listening for the Unheard Voice, Raising Abel. The Recovery of Eschatological Imagination"

Joubert, L. 2014. "Salvation according to the Heidelberg Catechism" in *Acta Theologica* 2014 Suppl 20: 99-114

MacCulloch, D. 2009. *Christianity. The First Three Thousand Years*. Penguin Books: London

McGilchrist, I. 2012. *The Master and his Emissary. The Divided Brain and the Making of the Western World*. Yale Univeversity Press: New Haven